UP/AGL/D/4

„Barend 1089",
P.K. Mopani,
N. Transvaal.
13 · 2 · '33.

Prof. Dr. L. Fouché,
356 Hill Straat,
Pretoria.

Geagte Professor,

Met dank erken ek die ontvangs van u brief van die 12e deser. Ek is ook bly om te sien, dat u geïnteresseerd is in ons vonds.

Het ek eerder van u gehoor, dan kon ek plan gemaak het om vir die naweek oor te gaan na Pretoria. My vader, E.S.J. van Graan, sal egter volgende naweek miskien Pretoria toe gaan. Dan sal ek u dadelik telegrafeer. My vader sal u alles noukeurig kan vertel, want ons het altyd saamgewerk, en soos u self weet, is die ouer mense baie meer oplettend dan die jongeres. My vader sal u dan ook nog baie meer dinge wys, as wat u reeds gesien het.

Verder sal ek ook baie in my skik wees, as hierdie ontdekking ondersoek word deur middel van die T.U.K. Ek glo self dit sal ons ou kollege darem weer 'n bietjie aanhelp.

Die grond waarop die goud gevind

UP/AGI/0/4



is, behoort aan 'n privaat persoon, maar my vader is besig om te onderhandel met die persoon, en meen om binne 'n paar weke alle regte daarop te hê.

Hiermee gee ek u die reg om daardie Goudstukkies maar solank by u te hou, want by u sal dit heelmoontlik veiliger wees dan hier by my.

As vader opgaan Pretoria-toe, dan sal hy u al die nodige informasie kan verskaf, aangaande die distansies, paaie, ens. na die genoemde plek, en ek dink hy sal u ook baie interessante dinge kan vertel, want aaneen skakel met ons vonds, want dit is nou al jare dat ons op-soek is vir hierdie plek, en in daardie tyd het ons baie ander dinge raakgeloop.

Ek hoop u sal tevrede wees om te wag tot die eerskomende naweek, want dit gaan maar moeilik om alles op papier duidelik te maak.

Intussen wil ek u net hartlik bedank vir u belangstelling in hierdie saak, en ek hoop u sal in staat wees om dinge op te los.

Met hoogagting,
U toegeneë,
J.C.O. van Graan